UITTREKSEL: T.S. Eliot - EAST COKER

Home is where you start from ... In my end is my beginning

Tuis is waar jy begin. Soos ons ouer word
Begin die wêreld vervreem, die patroon van dooie
En lewende meer verward. Nie meer die brandende
Enkele oomblik, sonder aanvang of end,
Maar 'n leeftyd van branding in elke moment
En nie slegs die lewe van een enkele mens,
Maar van ou klippe - onontsyfer.
Daar kom 'n tyd vir die aand deurgebring onder sterlig,
'n Tyd vir die aand naby lamplig
(Die aand met die deurblaai van familie-albums).
Liefde is amper volkome
As hier en nou ontdaan is aan waarde.
Oues van dae behoort ontdekkers te wees
Hier of daar maak nie saak nie.
Ons moet stil wees en stilweg beweeg
Tot 'n nuwere felheid
'n Ver'dre verbinding, 'n diep're gemeenskap
Deur die donker koue en die leë woestheid,
Die winde se kreet, die golf se klots, die groot waters
Van die walvis en die stormvoël. In my einde is my begin.

Vertaal deur Klaas Steytler

15 Oktober 1945